KENNISGEWING 40 VAN 2010

PLAASLIKEBESTUURS-KENNISGEWING

CITY OF JOHANNESBURG METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING EN VERVREEMDING VAN GEDEELTES VAN ACACIA- EN WILSONWEG CHISLEHURSTON DORPSGEBIED

Kennis word hiermee gegee kragtens die bepalings van Artikel 67 en 79(18) van die Plaaslike Regering Ordonnansie 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) soos gewysig, dat die City of Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit van voorneme is om bovermelde eiendomme permanent te sluit en vervreem aan die eienaars van Erven 12, 37, 38, 49, 51 Chislehurston Dorpsgebied, asook Gedeeltes 166, 167, 172 en 173 van die plaas Syferfontein 51 IR.

Verdere besonderhede en 'n sketsplan, wat die ligging van die paaie aandui, sal beskikbaar wees vir inspeksie by die kantore van die City of Joburg Property Company (Edms) Bpk gedurende normale kantoorure op die 9de Verdieping, Braamfontein-sentrum, Jorissenstraat 23, Braamfontein, Johannesburg.

Enige persoon wat enige beswaar het teen die voorgestelde vervreemding, of enige eis het teen die voorgestelde sluiting en/of vervreemding van bogenoemde paaie, moet sodanige beswaar of eis skriftelik indien by die Besturende Direkteur, City of Joburg Property Company (Edms) Bpk, om die ondervermelde te bereik nie later nie as 30 dae vanaf die datum van hierdie publikasie.

Helen Botes
Besturende Direkteur
City of Joburg Property Company (Edms) Bpk
Posbus 31565
Braamfontein
2017

Verw: Acacia- en Wilsonweg Chislehurston